# 157. HEILIG, HEILIG, HEILIG, HEILIG IS YAHWEH

**D       A      G  D  A        D  A**
1. Heilig, heilig, heilig, heilig is Yahweh.
**D     A       G D  A          D**
Geen begin of einde, ewig is Yahweh.
**D        A       G       A       D      A**
Yahweh ons verlossing, Hy wat ons bewaar,
**D      A      G  D    G      A      D**
so is ook Sy woorde: magtig vas en waar.

**D       A      G  D  A        D  A**
2. Heilig, heilig, heilig, heilig is Yahweh.
**D       A      G D     A        D**
Hemel, aarde, ruimtes, oral is Yahweh.
**D       A     G       A      D      A**
In Sy groot genade, ver bo ons verstand,
**D       A      G D G      A      D**
hou Hy al wat lewe in Sy Vaderhand.

**D       A      G  D  A        D  A**
3. Heilig, heilig, heilig, heilig is Yahweh.
**D     A      G  D  A              D**
Eng'le in die hemel buig hul voor Yahweh.
**D        A       G      A       D      A**
Yahweh, hoor my bede, hoor my as ek sing
**D      A      G  D  G      A      D**
en aan U, my Vader, al my hulde bring.

**D       A      G  D  A        D  A**
4. Heilig, heilig, heilig, heilig is Yahweh.
**D       A        G  D  A              D**
Wie kan Hom op aarde ooit na waarde eer?
**D        A     G     A       D      A**
Nogtans sal ek jubel en my lied sal sê:
**D      A      G  D G       A   D**
Heilig, heilig, heilig, heilig is Yahweh!